

Reformatories betrokke: op weg na 'n werklikheidsbeskouing

Van der Walt, B.J. 2008. *Anatomy of reformation: flashes and fragments of a reformational worldview*. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. 582 p. Prys: R170,00. ISBN: 1 86822 036 2.

Resensent: H. Hoogstad
Skool vir Filosofie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Bepaalde wêreldbeskoulike en filosofiese strominge en hulle interaksie kan treffend afgelees word in die historiese ontwikkeling van die konsep *worldview*/lewens- en werklikheidsbeskouing. Binne die (reformatories-) Christelike tradisie is hierdie konsep en die inhoud daarvan oor eeue op eiesoortige wyse ontwikkel. Te midde van die laaste paar dekades se postmoderne problematisering van 'n *worldview* het die begrip *werklikheidsbeskouing* gefokusde aandag ontvang in sleutelpublikasies van prominente denkers.

Op eie bodem word dringend gevra na die praktiese relevansie van die evangelie vir politieke, sosiale, ekonomiese, kulturele en etiese lewensareas, merk Bennie van der Walt op. Hoe kan wegbeweeg word van 'n slegs-Sondag, kerkgesentreerde geloof na 'n alomvattende geloofsraamwerk met relevansie vir die hele lewe? Volgens die outeur is 'n omvattende Christelike lewens- en werklikheidsbeskouing nodig om hierdie vraag (telkens weer) te kan beantwoord.

Van der Walt is 'n Christelike filosoof-teoloog en vanuit hierdie agtergrond begin hy die wortels van 'n Christelike werklikheidsvisie verken. *Anatomy of reformation* bied nie 'n volledige, sistematiese ontleding van 'n reformatoriese visie nie. Soos die subtitel van die boek aandui, word hier slegs flitse van die geskiedenis en fragmente van die beginsels van 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing gebied.

Hierdie publikasie se belangrikheid is tweërlei: dit gee op toeganklike wyse kernmomente van die reformatoriese "gesprek" met ander interpretatiewe vormgewings aan die werklikheid weer en volg die implikasies hiervan vir die Suid-Afrikaanse samelewing op. Die samestelling van die boek bied tweedens 'n blik op 'n "work in pro-

gress", wat die aard van 'n werklikheidsbeskouing weerspieël. Hierdeur word die leser betrek om self, as gespreksgenoot, te vernuwe.

Anatomy of reformation is in 1981 vir die eerste keer gepubliseer as deel van 'n trilogie. Die goeie ontvangs van die ander twee volumes (*Heartbeat, taking the pulse of our Christian theological and philosophical heritage* en *Horizon, surveying a route for contemporary Christian thought*), plaaslik en oorsee, het hierdie werk deels geïnspireer. Hierdie boek is egter veel minder tegnies van aard en is vir 'n breë leserspubliek toeganklik. Dit is inderdaad 'n sterk punt van die boek dat interessante feite gemaklik en bondig weergegee word. Die kern van komplekse idees word sonder oorvereenvoudiging, helder weergegee en konkreet op probleemsituasies toegepas.

So 'n lywige, populêr-wetenskaplike boek en saamgestelde volume stel belangrike eise aan die outeur. Slaag die boek daarin om die leser se aandag deurlopend gefokus te hou op die sentrale tema en logiese verloop? Tot 'n groot mate, wél.

Die rangskikking van die onderskeie hoofstukke in ses hoofdele maak logies sin binne die raamwerk van die boek. Die voetnote by sommige hoofstukke help om 'n bepaalde konteks aan die geselekteerde materiaal te bied. Sodanige voetnote by meer van die hoofstukke sou 'n duideliker oriëntasie kon moontlik maak. Die samehang van die hoofstukke sou meer lesersvriendelik voorgestel kon word deur 'n saambindende draad, deur byvoorbeeld voor elke deel en/of hoofstuk die samehang weer vas te knoop en grafies uit te lig. 'n Duideliker sigbare verdeling van die hoofgedeeltes van die boek sou 'n leser ook makliker kon lei in die verkenning van die tema.

Die vertrekpunt van *Anatomy of reformation* is Christus se woorde en dade om vas te stel wat sy houding teenoor die religieuse, sosiale en politieke neigings van sy tyd was. Hy het nóg asketies, nóg konserwatief of revolusionêr hiermee omgegaan, toon Van der Walt aan. Christus is die wegduider vir 'n totaal nuwe, reformatoriese benadering. In navolging hiervan behoort gelowiges se betrokkenheid in die werklikheid nie soseer bepaal te word deur dit waarteen hulle worstel nie, maar moet gekenmerk word deur 'n positiewe hernuwing van die wêreld.

Deel 2 (hoofstukke 6-8) het ten doel om die leser te inspireer met die bekendstelling van drie hervormers en voorlopers van die Reformasie: John Huss, Ulrich Zwingli en John Knox. Juis omdat hierdie minder bekende hervormers is, is die feitelike gegewens van hulle lewens en idees besonder interessant. Van der Walt handhaaf 'n

baie gemaklike verteltrant en sy entoesiasme is duidelik voelbaar. So 'n ooglopend "nie-neutrale" posisie mag sekere lesers egter ongemaklik laat. In die lig van die boek se tema vind die resensent so 'n spesifiek "inspirerende" deel sinvol – ook die outeur se unieke mededelingswyse hiervan.

Die derde deel (hoofstukke 9-11) weeg verskillende Christelike betrokkenheidsmodelle teen mekaar op om vas te stel hoe 'n Christen in die wêreld teenwoordig behoort te wees: *bo* die wêreld (Rooms-Katoliek), *langsaaan* die wêreld (Luthers), *teenoor* die wêreld (Anabaptisties) of *in* die wêreld (Calvinisties). Hierdie veralgemenings kan die indruk skep dat hier met breë kwashale geverf word, maar Van der Walt verdien lof vir die wyse waarop hy die leser in staat stel om 'n greep te kry op 'n moeilike en komplekse tema. Die historiese plasing van elke model dra hiertoe by, asook die duidelike vergelykingskriteria waarvan hy gebruikmaak om, vir die doeleindes van die boek, die betrokkenheidsmodelle ter sprake grondig te motiveer. Calvyn se model word vervolgens reformatories waardeur: Van der Walt wys Bybelvreemde invloede en spirituele neigings van die Renaissance hierin uit sodat die unieke Bybelse benadering wat in die grootste deel van Calvyn se werk te vinde is, duideliker sigbaar word.

Hierdie waardering gaan voort in deel vier se fokus op die kontemporêre kerklike toneel. Die outeur se analise van die tekortkomings in Suid-Afrika se kerkpraktyk, asook konkrete voorbeelde en praktiese riglyne vir die taak van reformatie, is waardevol. Die toneel wat geskets word aan die begin van die negentigerjare is bykans twintig jaar later, nie aan ons werklikheid vreemd nie en is steeds uiters relevant. Tog sou hierdie materiaal met vrug verwerk kon word om 'n skerp eietydse beeld te skep.

Die voorlaaste gedeelte (hoofstukke 16-19) verskuif die aandag na ander lewensfasette met 'n behoefte aan reformatie, spesifiek die sosio-politiese. Konsepte soos *idolatrie*, *ideologieë*, *reformatie* en *ander vernuwingskonsepte* word ondersoek om 'n vergelykingsbasis vir verskillende modelle van sosiale betrokkenheid te bied. Hoofstuk 19 konkretiseer die voorafgaande deur probleme soos geweld en burgerlike ongehoorsaamheid binne die huidige Suid-Afrikaanse situasie in terme van regte en pligte, asook magte en beperkings van die regering en sy subjekte, te benader. Hierdie herdruk van die 1991-uitgawe is steeds aktueel, maar van die toepassings kon gerus herverwerk word – veral vir die huidige sosiale en politieke opset.

In die sesde en laaste gedeelte (hoofstukke 20-24) word hierdie konkretisering verder gevoer met 'n fokus op 'n reformatoriese benadering in die wetenskap, spesifiek in die geskiedenis (hoofstuk 21), ekonomie (hoofstuk 22) en die geskiedenis van filosofie (hoofstuk 23). Ten slotte verken Van der Walt hoe 'n reformatoriese Christen die wil van die Heilige Gees kan herken wanneer hy/sy met moeilike besluite gekonfronteer word (hoofstuk 24).

Die boek sluit af met 'n kort naskrif waarin die leser voorsien word van belangrike bronne wat in 'n verdere persoonlike bestudering van die tema van nut kan wees. Vir die geïnteresseerde leser sou ek Van der Walt se nuwe werk, *The eye is the lamp of the body: world-views and their impact* (2008), ten sterkste aanbeveel vir 'n meer sistematiese behandeling van die reformatoriese werklikheidsvisie.

Anatomy of reformation verken 'n omvattende en relevante tema op 'n unieke wyse. Van der Walt se gretige, dikwels humoristiese mededeling van prikkelende feite bied goeie afwisseling vir die komplekse filosofiese en teologiese idees wat hy op toeganklike wyse met 'n potensieel wye leserspubliek deel. Filosowe, teoloë, vakwetenskaplikes, Christene en diegene wat worstel met 'n mens se betrokkenheid by die werklikheid sal *Anatomy of reformation* 'n boeiende verslag vind van 'n vakkundige se verkenning van sy wortels en taak in die werklikheid.